

31 Oktober

Matteus 5:1-12

Dankbaarheid vir afhanklikheid

Min mense erken maklik hulle afhanklikheid. Die meeste mense, Christene ingesluit, het gelukkig of ongelukkig selfvoorsienend geraak. Onafhanklikheid is die groot woord. Ek sal self regkom.

Maar Jesus se eerste preekwoord op aarde sny soos 'n mes aan die dik takke van onafhanklikheid. Sny dit, om presies te wees, met die skerpheid van die Woordswaard, morsaf. Die Here Jesus sê: "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is".

Die betekenis van "afhanklikheid" dui op die handeling van 'n bedelaar. Die bedelaar steek sy hand uit in die hoop om iets van 'n weldoener te ontvang. Met ander woorde: so totaal en al bankrot soos die straatbedelaar só geestelik bankrot moet ons voor die Here staan. Leë hande voor God - alleen te bedel om guns en genade. Eers as ons dit weet én erken kan ons ons gereed maak vir 'n gelukkige lewe, sê die Here Jesus. Jy moet 'n bedelaar voor God wees. Innerlik bankrot, geestelik só arm dat ek niks kan aanbied nie. 'n Christen is dus 'n mens wat juis nie self kan regkom nie. Totaal en al afhanklik van God.

Jesus noem die saligwoord eerste omdat Hy die onafhanklikheid, die eie sonde-rykdom van die wêreld leer ken het. En daarom sê Jesus in Matt 18:4: "Wie homself gering ag, hy/sy is die belangrikste in die koninkryk van die hemele..." Afhanklikheid van God moet alle ander dinge in 'n mens se gees voorafgaan. Niemand kan Gods koninkryk beërf alvorens jy nie bely dat jy die koninkryk totaal en al onwaardig is nie. En die belofte opgesluit in dié saligspreking kom ook van God. Aan die arm-van-geesmens behoort die koninkryk van die hemel, 'n Bedelaar erf 'n koninkryk. 'n Onberekenbare wins. Dis die eerste tree op die pad van ware rykdom. Vader, wees my arme sondaar genadig.

Sing: Psalm 138:1, 3 Ds. P.H. Heystek (Pretoria-Montanapoort)